NAN 0001-0002-006

# INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS

## Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
|---|---|---|---|
| 0 0 3 5 | 891228 | | |

BAC
HIC
Kuns
Kon
Teke

Beeld Jg............ Nr..................... P. 8 Dat. 1989.12.28

TREFWOORDE

1 ...............

2 ...............

3 ...............

4 ...............

5 ...............

6 ...............

7 ...............

8 ...............

9 ...............

10 ...............

BIL D

**Beeldende kuns**

# Hoë peil gehandhaaf

Personeel Kunsstigting Jhb

**Elza Miles**

DIT is meer as 'n vergoeding wanneer jy jou jaar se werksaamhede afsluit met 'n terugblik op puik werkstukke. Die Johannesburgse Kunsstigting se personeel rond nog eens – soos in die verlede – hul werksaamhede so af. Die meeste stukke op hierdie tentoonstelling is verstommend in trefkrag.

Drie van Bill Ainslie se laaste skilderye maak deel van die versameling uit. Al drie is op Pachipamwe in Zimbabwe uitgevoer. Hulle onthul elkeen iets van Ainslie se intense betrokkenheid by sy medium. Dit verbluf jou telkens vanweë die vergesigte wàt jy daardeur kry.

In *Pachipamwe I* fokus jy op 'n groot deurskynende wit wig met 'n stomppunt. Enersyds wek die massale vorm 'n afwaartse beweging. Andersyds verloor dit sy gewig en kyk jy deur sluiers wit na 'n ligte verte. In *Pachipamwe II* spoel diagonale bane oor die skilderdoek en onder hierdie kleurbedekking herken jy iets wat lyk na spore op 'n rivierbodem. Hulle begin reeds vervorm alhoewel die afdruk onmiskenbaar is. In die ander versie van sy Pachipamwe-ervaring wat op papier uitgevoer is, verander gewone wit in 'n kombinasie met bruin, swart en geel in silwer.

Anthusa Sotiriades se metaalsweiswerk is aangrypende beelde van die vasgekeerde mens. Om te dink dat die gewone tuinstoel van 'n voorstedelike patio kan verander in 'n kreet teen konfrontasie (*She said: "Im tired of the war"*). Of dat jy meegevoel kan hê met die heraldiese arend, simbool van mag. In laasgenoemde beeld vir 'n muur gebruik Sotiriades staal en 'n gevonde gips/sementarend wat sy swart verf (*Don't come into the townships said the spider to the bird*). In die stuk sowel as in die ander ondergetitelde muurbeeld bevry sy haar van Caro se dominerende metaalhand en kry jy 'n blik op voorstedelike uitgelewerdheid.

Ook Anna Varney verander die gewone voorwerp of weggooi-stuk in sinryke swart beelde (*Remnants of a teagarden* en *Crossroads – after Billy*).

Tony Nkotsi se etse is nie net grafiese kragtoere nie, maar moedige verkennings van lyn – vlekwerking (*Couple* en *Argument*).

Simon Stone is steeds een van ons voorste skilders. Dit is suiwer genot om in drie verskillende skilderye te let op sy gebruik van blou. In elke geval bepaal die kleur 'n ander ruimte.

Charles Levin grond sy swart en wit skilderye op die dinamiese werking van sigsag en v-elemente.

Bev Michel en Giovanna Biallo se vertrekpunte is die stillewe. Elkeen ontdek die magiese krag van 'n statiese voorwerp en bring jou onder die bekoring daarvan.

Dit is geen geringe prestasie van 'n personeel om hul jaar se verrigtinge op so 'n peil af te sluit nie.

☐ **Tot 22 Januarie.**